
# Leesgids


# *Ben breek weg*

**Christien Neser**

**Tafelberg, 2024**

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman *Ben breek weg* (Tafelberg, 2024)




Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser en leerder in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 7 Huistaal (of graad 8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal)** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.


Hierdie gids is saamgestel deur **dr. Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha**.

**Kopiereg: © Tafelberg, 2025. ’n Druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.**

# INHOUDSOPGAWE

| INHOUD | BLADSY |
|---|---|

| **Benaderings tot die onderrig van letterkunde……………………………** | **3** |
| **Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorblad)……………..** | **4** |
| **Biografie van die skrywer…………………………………………………….** | **5** |
| **Die verhaal in ’n neutedop…………………………………………………….** | **6-8** |
| **Literêre begrippe: Verteller…………………………………………………..** | **9** |
| **Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd…………………………** | **10-11** |
| **Literêre begrippe: Ruimte en Plek…………………………………………** | **11** |
| **Literêre begrippe: Intrige en Temas………………………………………..** | **12** |
| **Literêre begrippe: Botsings of Konflik……………………………………..** | **12-13** |
| **Karakterisering………………………………………………………………** | **14** |
| **Karaktersketse……………………………………………………………….** | **15-18** |
| **Afdeling B: Lees……………………………………………………………..** | **19** |
| **Afdeling C: Post-lees…………………………………...………………..** | **20** |
| **Kontekstuele vrae (Hoofstuk 1-20)…………………………..…………..** | **20-31** |
| **Memoranda (Hoofstuk 1-20)……………………………………………….** | **32-42** |
| **Woordeskatlys….……………………………………………………………** | **43** |
| **Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, Skryftake & Lees)………………..** | **44** |
| **Literêre glossarium…………………………………………………………** | **45-47** |
| **Bronnelys…………………………………………………………………..** | **48** |

**Bron: Clipart**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Senior fase, graad 7-9**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

**Hier volg 'n paar wenke** vir die **beste benadering tot die onderrig van letterkunde** soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- **Lees soveel as moontlik van die teks** sonder enige onderbreking **in die klas**. Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.

- Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar **om aan leerders te wys hoe hulle huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word**.

- **Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit** by die **studie van enige literêre teks**. Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.

- Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar **fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing** asook die **ondersoek van die literêre teks**.

**Kweek 'n liefde vir lees by leerders deur letterkundelesse interessant en op innoverende wyse aan te bied.**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AFDELING A: PRE-LEES

"Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis" (KABV, 2011:27).

- **Vluglees** en soeklees **tekskenmerke**.
- Vluglees en soeklees dele van die boek.
- **Maak voorspellings** gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike **woordeskat** wat vir leerders onbekend mag wees.

**<u>ONTLEED EN BESPREEK</u> DIE VOORPLAT [VOORBLAD] VAN DIE JEUGROMAN** (Pre-leesfase)

**Let wel: Die <u>volledige</u> analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**

Let ook op die gebruik van kleur op die voorplat.







Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

# CHRISTIEN NESER

**Christien Neser** is ’n spraakterapeut van Bryanston, Johannesburg. Sy het haar eerste boek, *Kondensmelk* (Lapa) in 2009 gepubliseer. Dit was die begin van die gewilde Elle-reeks, waarvan boek 8 in 2017 verskyn het. In 2013 verskyn *Amper Einstein*. Nes Nicci, die hoofkarakter in haar boek *Pienk is nie vir sissies nie* (Tafelberg, 2017) is Christien ook tuis op ’n bergfiets. In 2021 verskyn *Absoluut Einstein*. *Kersfees in April* (2021) is die eerste van ’n nuwe reeks boeke (**Mieke-reeks**) waarin die hoofkarakter, Mieke, figureer. In 2022 verskyn *Spikkelsterre op Mtwana* gevolg deur die derde boek in die Mieke reeks, *Weerlig oor Mtwana*.




**(Erkenning: Hanneri de Wet)**



















Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## DIE VERHAAL IN ’N NEUTEDOP

Christien Neser se jeugroman ***Ben breek weg*** (2024) handel oor die dertienjarige **Ben du Toit** en sy wedervaringe tydens die Covid-19-pandemie in 2020. Ben se pa het pas sy doktorale proefskrif voltooi en werk tydelik in Singapoer. Ben se ma is ’n mediese dokter. Hulle woon in Kaapstad. Ben se beste vriend se naam is Alvin Branders. Alvin het twee susters genaamd Bella en Lulu.

Die verhaal begin aan die einde van Januarie 2020. Ben skryf daagliks in sy dagboek (of joernaal). Dit is dus maklik vir die leser om die tydlyn in die jeugroman te volg. Hy noem sy joernaal “**Buzz**” na die soortgelyke karakter in die film *Toy Story*. Dit was sy pa se idee dat hulle twee in hulle joernale skryf aangesien hy ver van die huis af werk. Aanvanklik het Alvin vir Ben geterg oor die joernaal. Later in die verhaal verander dit egter wanneer Alvin ook weens gebeure in sy eie joernaal begin skryf.

Ben en Alvin is mal oor **krieket**. Alvin is ’n uitstekende krieketspeler en een van die beste boulers in hulle skool. Later in die jeugroman kom krieket weer na vore wanneer daar ’n krieketwedstryd tussen twee opponerende plase, **Waaikraal** en **Wensfontein**, gespeel word. Ben se pa, **Martin du Toit**, moet ’n lesing in Switserland gaan lewer. Daar word hy egter siek weens die koronavirus en word hy in die hospitaal opgeneem. Sy ma, **Marcelle du Toit**, besluit om Switserland toe te reis om haar man by te staan. Ben word skielik uit sy bekende omgewing geruk en moet by sy oupa, **Naas du Toit**, op sy plaas, Wensfontein, gaan woon tot sy ouers terugkeer Suid-Afrika toe. Ben is aanvanklik teleurgesteld aangesien hy sy vriende, skool en veral die krieketwedstryde gaan mis.

Op die plaas verwelkom Ben se oupa en ouma hom hartlik. **Tant Em** is ook bly om hom te sien. Sy help om na Ben se ouma, **Mart** (of Martie), om te sien aangesien sy **Alzheimers** het. Ben voel soms ongemaklik aangesien sy ouma hom nie altyd herken nie. Nadat die staatspresident ’n vlak 5-inperking aangekondig het, weet Ben dat hy nie gou gaan terugkeer Kaapstad toe nie. Die skool gaan aanlyn voort met klasse. Op die plaas ontmoet hy vir **Samantha (Sam) Davis** en **Omar Shafiq**. Die drie raak gou goeie vriende ten spyte daarvan dat Sam gereeld vir Ben terg. Omar noem Ben “**Hoender**” weens die wyse waarop sy kuif gejel is. Sam en Omar woon Ben se



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

aanlynlesse by aangesien hulle skool op Wensfontein nie tydens die inperking aanlynlesse aanbied nie. Sam is veral dankbaar dat sy **meneer Horsthaar** se wiskundelesse kan bywoon aangesien sy nie priemgetalle verstaan nie. Meneer Horsthaar is egter 'n goeie onderwyser en Sam is verheug wanneer sy uiteindelik priemgetalle verstaan. Gevolglik noem Ben haar ook tergenderwys "Priemgetal".

Op die plaas vind Ben uit dat Sam en Omar goeie krieketspelers is. Ben leer ook hoe om perd te ry en hy, Sam en Omar kyk een oggend na die sonsopkoms op Wensfontein. Ben begin romantiese gevoelens teenoor Sam ontwikkel en voel met tye jaloers omdat sy en Omar so intiem bevriend is.

Tydens die inperking vra Alvin se ma, **tannie Clare**, of hy vir haar **ivermektien** (**skaapmedisyne**) per koerier sal stuur. Aangesien sy oupa ivermektien vir sy skape gebruik, het hy toegang tot die skaapmedisyne. Heelwat mense glo dat dié medikasie mense teen die **koronavirus** kan beskerm. Ben se eerste poging misluk wanneer die pakkie lek wat sy oupa op Worcester by die koerier aflaai. Sy oupa het dus uitgevind dat Ben sonder sy toestemming skaapmedisyne uit die kas gevat het. Later in die verhaal verbied **oupa Neels** vir Ben om nog skaapmedisyne vir tannie Clare te stuur. Ben is bekommerd dat sy vriendskap daardeur skade gaan ly. Aanvanklik praat Alvin vir tien dae nie met Ben nie, maar later bel hy hom wel. Hy vertel vir Ben dat hy 'n sielkundige, **Gwen**, aanlyn sien omdat hy gefrustreerd voel by die huis. Sy susters terg hom en hy het boonop drie vensters uit frustrasie gebreek. Gwen stel voor dat Alvin vir Ben op Wensfontein gaan kuier. Ben se ma gaan haal hom in Kaapstad en hy bly 'n ruk lank by die Du Toit's op Wensfontein.

Tydens sy verblyf op Wensfontein, ontdek Ben dat sy oupa en van die ander boere in die distrik heimlik ontmoet om alkohol te drink aangesien die verkoop van alkohol tydens die inperking verbied is. Ben verklap nie sy oupa se geheim nie. Toe Ben se pa sterk genoeg is om te reis, vlieg hulle terug Suid-Afrika toe. Sy pa en ma reis plaas toe sodat sy pa kan aansterk. Hy is bly om sy ouers te sien.

Omar besluit dat hulle 'n **padkrieketwedstryd** moet speel. Die twee plase, Wensfontein en Waaikraal, gaan teen mekaar meeding. Die wedstryd is 'n belangrike komponent van die gebeure in die jeugroman. Wensfontein wen die wedstryd, maar




Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.
Tafelberg

Ben voel sleg aangesien hy Sam uitgeboul het. Hy het romantiese gevoelens vir Sam en wou haar nie verneder nie. Nietemin het Sam hom vergewe en bly hulle goeie vriende.

Terwyl Ben se pa op Wensfontein herstel, wys hy een oggend vir Ben die **klipstapel** waar die oorspronklike fontein op die plaas was. Hy vertel vir Ben dat hy ’n **trommel** onder die klippe begrawe het. Die trommel is ’n **tydkapsule**. Aan die einde van die jeugroman besluit Ben om ook ’n trommel met vyf items onder die kliphoop te begrawe. Sam daag op en plaas ook twee items in die trommel. Hulle kom ooreen om oor presies tien jaar weer bymekaar te kom om die trommel saam oop te maak. Sam gee vir Ben ’n piksoen wat hom goed laat voel ten spyte daarvan dat haar krieketbal hom hard in sy ribbekas getref het. Ben se pa het hom oortuig dat Omar vir Sam ’n “boetie-figuur” is en dat hy kan sien dat Sam van Ben hou. Hy moedig hom aan om nie sy gevoelens teenoor Sam weg te steek nie. Hy is van mening dat hulle ’n goeie paartjie sal maak.

Aan die einde van die jeugroman en Ben se verblyf op Wensfontein kom Ben tot die besef dat Wensfontein ’n spesiale plek is wat **wonderwerke laat gebeur**. Nie net leer Ben wonderlike nuwe vriende ken nie, maar word sy pa gesond en kan hulle as gesin terugkeer Kaapstad toe. Hierdie verhaal verwoord talle tienerlesers se gevoelens en ervarings tydens die **Covid-19-pandemie in 2020**. Die effek wat die inperking op mense gehad het en die wyse waarop dit mense se lewens geaffekteer het, word deurgaans deur middel van die narratief verwoord.

**Temas** soos vriendskap, liefde, vrees, die belangrikheid van familie en vriende asook die gebeure tydens die Covid-19-pandemie kom in die jeugroman voor. Ben se lewe is, soos vele ander, tydens die pandemie omvergewerp. Alhoewel Ben aanvanklik kwaad was dat sy ma hom na sy oupa se plaas gestuur het, het hierdie gebeurtenis sy lewe verryk met **nuwe vriende** en om kwaliteittyd saam met sy **familie** te spandeer.



**Bron: Clipart**




Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## LITERÊRE BEGRIPPE VIR DIE ONDERWYSER EN LEERDER

### ROMAN (“NOVEL”) – DEFINISIE

Die woord “roman” beteken letterlik “’n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80). Die jeugroman is ’n **prosaverhaal waarin mense (karakters) “geplaas in ’n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge” (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as ’n beskrywing van die handelinge.



### DIE VERTELLER (PROTAGONIS)

Elke verhaal het ’n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Ben breek weg* is die **skrywer Christien Neser en die verteller is ’n derdepersoonsverteller**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

### ALOMTEENWOORDIGE VERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die jeugroman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters **(In *Ben breek weg* is dié karakter Ben du Toit)**. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**FOKALISASIE – WIE SIEN?**

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.
(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of jeugroman.)

**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Ben breek weg* se **verteltyd** strek dus oor **143 bladsye** bestaande uit **twintig hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor **ses maande** vanaf Januarie tot Junie 2020.

Die verhaal word **chronologies** aangebied.

## TYDSVERLOOP

### CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

### ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP


Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Die tydsverloop in die verhaal word dus afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitse** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die jeugroman *Ben breek weg* is die verloop van tyd **chronologies**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## UITEENSETTING VAN DIE VERTELDE TYD IN DIE JEUGROMAN




Tafelberg

### RUIMTE OF PLEK

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (jeugroman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Ben breek weg* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die jeugroman afspeel is op 'n **plaas in die Wes-Kaap**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die jeugroman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit boei.

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: Covid-19, verlies, sport, vriendskap en spanwerk.**

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is dus *Ben breek weg*. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die jeugverhaal soos in dié geval waar ***Ben breek weg* verwys na sy tydelike verblyf op sy oupa se plaas tydens die Covid-19-pandemie in 2020. Ben se ma, wat 'n mediese dokter is, was bekommerd dat Ben die koronavirus sou opdoen. Sy moes ook haar man wat in kwarantyn was, bystaan. Daar was dus meer as een rede waarom Ben vanaf Kaapstad na sy oupa se plaas moes reis en daar woon totdat sy ouers terugkeer Suid-Afrika toe.**

## BOTSINGS OF KONFLIK

Twee tipes botsings kan in 'n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos 'n argument of selfs net 'n deurborende kyk van een karakter na 'n ander. **Voorbeeld: Alvin se suster wat hom met 'n koffiebeker beseer.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer 'n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Ben**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

Tafelberg

**ervaar gemengde gevoelens oor tannie Clare se versoek dat hy ivermektien (skaapmedisyne) uit sy oupa se kas steel (of neem) en dit via ’n koerier Kaap toe stuur.**

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit.

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur ’n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan ’n daadwerklike botsing tussen ’n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan.

Tafelberg



**Bron: Clipart**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## KARAKTERISERING

### HOOFKARAKTER

**Ben du Toit is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Hy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook ’n **ronde karakter (of kommunikatiewe karakter)** (Smuts, 1975:23) genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

### NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Ben breek weg* sal Alvin Branders en Oupa Neels du Toit ’n voorbeeld van ’n newekarakter wees.**

### KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karakters in die jeugroman (verhaal) van die karakter sê of dink.

### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

| KARAKTER | KARAKTERSKETS |
|---|---|
| **Ben du Toit (“Bennieboet” & “Hoender”)** | Ben (Benjamin) du Toit is die **hoofkarakter** in die jeugroman. Hy is dertien jaar oud en woon in Kaapstad. Hy is die enigste kind en hou baie van krieket. Hy is ’n lid van die skool se leerlingraad (prefek). Toe hy klein was, was hy gek oor Buzz Lightyear in *Toy Story*. Hy is baie gesteld op sy voorkoms en sy kuif word met putty regop gejel. Dit is ook die rede waarom hy die bynaam “Hoender” tydens sy verblyf op Wensfontein gekry het. Sy ma noem hom “Bennieboet”. Hy is aanvanklik verlief op Nina, maar raak later verlief op Samantha (Sam). |
| **Dokter Marcelle du Toit** | Marcelle du Toit is Ben se ma. Sy is ’n mediese dokter van beroep. Haar tande is spierwit en egalig sonder enige vulsels. Sy het donker hare wat sy soms in ’n bolla dra. Sy het bruin, vonkelende oë. Sy is ’n spoedvraat. |
| **Doktor Martin du Toit** | Martin du Toit is Ben se pa. Hy het pas sy doktorale studie (proefskrif) voltooi. Hy is ’n dosent by ’n universiteit. Hy het op Wensfontein grootgeword. Sy pa boer met skape in die Karoo. Sy gunsteling liedjie is “Hemel op Tafelberg”. Hy wou nie boer nie en gevolglik is sy verhouding met sy pa effens stram. Tydens die pandemie het hy die koronavirus opgedoen. |
| **Oupa Neels du Toit** | Oupa Neels is Ben se oupa aan sy pa se kant van die familie. Hy woon op die plaas Wensfontein in die Karoo. Hy haat die stad. Hy word as ’n regverdige man beskou en gee baie om vir sy vrou, Mart, wat Alzheimers het. Sy arms is bruin gebrand en besproet en is die ene spiere en senings. Hy het vaalblou oë. Hy het ’n kop vir syfers. |
| **Ouma Mart (Martie) du Toit** | Ouma Mart is Ben se ouma aan sy pa se kant van die familie. Sy was altyd ’n raakvatter op die plaas, maar sedert sy met Alzheimers gediagnoseer is, vergeet sy baie keer wie die mense rondom haar is. |
| **Tant Em** | Tant Em werk vir die Du Toit’s op Wensfontein. Sy kan heerlik kook en kyk bedags na Ouma Mart. Sy is soos ’n ma vir Ben. |
| **Alvin Branders (“Eend”)** | Alvin Branders is Ben se beste vriend. Hy het ’n breë glimlag en jel sy hare. Sy skoolhemp hang altyd uit. Hy is ’n goeie krieketspeler en is die |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

| | |
|---|---|
| | kaptein van die onderdertien A-span. Hy speel ook elke jaar krieket vir die distrikspan. Hy is ’n uitstekende spinbouler. Hy en sy susters kom nie goed oor die weg nie. |
| **Lulu Branders** | Lulu Branders is Alvin se jonger suster. Sy is bae snipperig van aard. |
| **Bella Branders** | Bella Branders is Alvin se ouer suster. Sy is in graad tien en is altyd dikbek. Sy is gekies om die hoërskool se produksie van *Grease* te speel. Sy is die enigste graad 10-leerder in ’n hoofrol. Volgens Alvin is sy die familie se diva. |
| **Alvin se pa** | Hy is mal oor fietsry. Tydens die pandemie word hy deur die polisie gearresteer omdat hy gaan bergfiets ry het toe hy nie veronderstel was om die huis te verlaat nie. |
| **Clare Branders** | Clare Branders is Alvin se ma. Sy is ’n prokureur. |
| **Layton Davis** | Layton Davis is die plaasbestuurder op Wensfontein. Hy dra ’n hoed en het ’n donker krulbaard. Hy het eers in die Oos-Kaap gewerk. Hulle het na die Karoo verhuis omdat die klimaat droër is. Sy seun, Henry, ly aan asma. |
| **Sam Davis (“Priemgetal”)** | Sam (Samantha) Davis is Layton Davis se dogter. Sy is in graad sewe. Tydens Ben se besoek op Wensfontein het sy die bynaam “Priemgetal” gekry omdat sy met priemgetalle gesukkel het. Sy dra ’n poniestert wat altyd half skeef en onnet voorkom en haar hare maak fyn krulletjies. Volgens Ben het sy ’n houding aan haar. Sy hou baie van krieket en ry graag perd. |
| **Henry Davis** | Henry Davis is Sam se jonger broer. Hy is in graad ses. Hy ly aan asma en moet gereeld medikasie gebruik. |
| **Omar Shafiq (“Omar die Verskriklike”)** | Omar Shafiq se pa besit die winkel op Waaikraal. Omar is maer en ry altyd op sy fiets. Hy is ’n goeie krieketspeler. Hy en Sam is goeie vriende en Sam beskou hom as ’n boetie-figuur. Sy bynaam is “Omar die Verskriklike” omdat hy so ’n goeie krieketspeler is. Sam verwys ook na hom as “Pakkie” omdat sy pa van Pakistan afkomstig is. Hy het ’n gladde, swart kuif. Hy is in Suid-Afrika gebore en praat vlot Afrikaans. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

| | |
|---|---|
| **Tannie Des** | Tannie Des is Nina se ma. Sy is een van die koelste ma's by die skool. Sy is altyd vriendelik en het altyd iets te ete in haar sportsak. Sy dra haar blonde hare in 'n poniestert met 'n donkerbril en gymklere. |
| **Oom Piet Poot** | Oom Piet Poot is 'n poliesieman. Sy bynaam "Poot" word afgelei van die naam "Pote" wat na poliesiemanne- en vroue verwys. |
| **Oom Nols Baadjies** | Oom Nols Baadjies is die eienaar van Verlangekraal. |
| **Oom Lieb** | Oom Lieb stook witblits in sy skuur. |
| **Tannie Steyn** | Tannie Steyn woon op die plaas Vlakpan en maak pynappelbier. |
| **Coach** | Coach rig die onderdertien A-span (krieket) af. |
| **Miss Simms** | Miss Simms bied Engels aan by Ben se laerskool. |
| **Meneer Horsthaar** | Meneer Horsthaar bied wiskunde aan by Ben se laerskool. Hy dra 'n bril en is baie passievol oor die vak wat hy onderrig. |
| **Mike** | Mike is 'n mediese dokter (longspesialis). Hy is getroud met Des en is Nina se pa. |
| **Nina** | Nina is in graad sewe. Sy is Mike en Des se dogter. Volgens Ben is sy vol nonsens. Ben is smoorverlief op Nina. |
| **Vanessa** | Vanessa is smoorverlief op Alvin. Haar troetelnaam vir Alvin is "Alvie". Sy doen gedurig vir hom gunsies om sy aandag te trek ten spyte daarvan dat Alvin afsydig teenoor haar optree. |
| **PJ** | PJ is 'n leerder en mede-krieketspeler in Ben se laerskool. |
| **Leila Strong** | Leila Strong woon in die hoekhuis in Alvin se straat. Beide Alvin en Ben is verlief op haar. Tydens die inperking het Alvin uitgevind wat haar naam is en ook haar telefoonnommer gekry toe hulle saam gaan stap het. Sy word ook as "stuck-up" beskryf. |
| **Gwen** | Gwen is 'n sielkundige. Tydens die inperking is Alvin een van haar pasiënte. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

| | |
|---|---|
| **Tess** | Tess is Oupa Neels se skaaphond. Sy is baie effektief wanneer sy die skape moet rondjaag na die plek waar hulle moet wees. |
| **Ruby** | Ruby is ’n perd. Sy behoort aan Ben se oupa. |
| **Pedro** | Pedro is ’n perd. Sam ry gereeld met Pedro op die plase rond. |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AFDELING B: LEES


"Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan" (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

**WENK**

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die jeugroman vir 'tuiswerk' te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die jeugroman aan te moedig.**



**Bron: Clipart**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AFDELING C: POST-LEES

**"Post-lees stel leerders in staat om die teks as geheel te beskou en daarop te reageer" (KABV, 2011:23).**

### HOOFSTUK 1

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Verduidelik wat die verskil tussen 'n "**dokter**" en 'n "**doktor**" is.

1.2. Uit watter **vertelperspektief** word die verhaal aangebied?

1.3. Waarom word die hoofkarakter se joernaalinskrywings (dagboekinskrywings) in die eerstepersoon geskryf? Verduidelik.

1.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Buzz Lightyear is 'n fiktiewe karakter in die film *Shrek*.**

1.5. Wat is Ben se pa se gunsteling Afrikaanse liedjie?


1.6. Waarom, dink jy, word Ben se wange rooi wanneer hy aan Nina dink?

1.7. Verduidelik waarom Ben geskok is toe hy sien dat sy beste vriend, Alvin, se arm in gips is.

1.8. Wat het daartoe gelei dat Alvin sy arm gebreek het? Verduidelik.

1.9. Dink jy Alvin tree reg op in die wyse waarop hy Vanessa behandel? Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.10. Waarom vermoed Ben dat hy 'n superkrag het?



**Bron: Freepik**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## HOOFSTUK 2

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Hoe weet die leser dat **hoofstuk 2** twee weke later afspeel? Verduidelik.

2.2. Waarom wil Ben se ma nie toelaat dat hy die Valentysbal bywoon nie? Verduidelik.

2.3. Stel ’n lys op waarin Ben se vier wense gelys word.

2.4. Wat is die verskil tussen ’n “epidemie” en ’n “pandemie”?

2.5. Dink jy Ben se ma het reg opgetree toe sy Nina se ouers gekontak het en hulle afgeraai het om in Italië vakansie te gaan hou? Gee ’n rede vir jou antwoord.

2.6. Waar bevind Ben se pa hom op hierdie stadium in die jeugroman?

2.7. Waarna verwys Ben se ma wanneer sy van die “Swart Pes” (**bl. 25**) praat?

2.8. Waaruit kan die leser aflei dat Ben in graad sewe is?

2.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Singapoer is naby Frankryk geleë.**

2.10. Noem *twee* redes waarom Ben voel dat sy lewe ’n lied is.

Tafelberg

## HOOFSTUK 3

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Waarom moet Ben se pa na Switserland reis?

3.2. Gegewe die omstandighede, dink jy dit is ’n goeie idee dat sy pa van Singapoer na Switserland reis? Gee ’n rede vir jou antwoord.

3.3. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Ben se ma het mediese materiaal by die hospitaal gesteel.**

3.4. Wat was Ben se vyfde wens waaroor hy amper dadelik spyt was?

3.5. Noem **drie** dinge wat Ben moet doen om te verhoed dat hy met die koronavirus besmet word.

3.6. In watter land is meer as seshonderd sterftes binne ’n week aangemeld?

3.7. Wat sou jy doen indien jy Ben se ma was? Sou jy hom verbied om met ander mense in kontak te kom as gevolg van die koronavirus? Verduidelik.

3.8. Waarom is die voorblad van Ben se joernaal skielik “bleek”?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

3.9. Tydens watter dag van die week speel **hoofstuk drie** af?

3.10. Watter vak bied juffrou Simms aan?

**HOOFSTUK 4**

**Kontekstuele vrae:**

4.1. Verduidelik waarom Ben se oupa selde in die stad besoek aflê.

4.2. Watter skokkende nuus dra Ben se oupa aan hom oor?

4.3. Wat beteken die woord "kwarantyn"? (**Gebruik 'n woordeboek om die antwoord na te slaan.**)

4.4. Wie is "daardie skoondogter" (**bl. 32**) waarna Ben se oupa verwys?

4.5. Watter versoek het Ben se ma in die brief aan hom gerig?

4.6. Verduidelik waarom die naam van sy oupa se plaas ironies is.

4.7. Wie is Martin en Marcelle?

4.8. Hoe sou jy reageer indien jy skielik jou ouerhuis en vriende moet agterlaat om op 'n plaas te gaan woon?

4.9. Waarmee boer Ben se oupa?

4.10. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Genève is 'n klein dorpie in Italië.**

**HOOFSTUK 5**

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Wie is "Buzz" na wie Ben aan die begin van elke hoofstuk verwys?

5.2. Hoekom noem Ben die voorwerp (**5.1.**) "Buzz"?

5.3. Waarmee word die skape op die plaas gespuit?

5.4. Verduidelik waarom Ben sy ouma vermy.

5.5. Dink jy dit is reg om skaam vir 'n familielid te wees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

5.6. Waarom merk Oupa op dat Tess meer werd is op die plaas as twee mans op perde?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

5.7. Wat is Layton Davis se rol op die plaas, Wensfontein?

5.8. Dink jy dit is kultureel aanvaarbaar om na iemand as ’n “Paki” te verwys? Gee ’n rede vir jou antwoord.

5.9. Wat is ’n “kadot” (**bl. 45**)? (**Gebruik ’n woordeboek om die betekenis na te slaan.**)

5.10. Waarom kan Omar so goed in Afrikaans kommunikeer?

## HOOFSTUK 6

**Kontekstuele vrae:**

6.1. In watter Suid-Afrikaanse stad is die eerste geval van Covid aangemeld?

6.2. Verduidelik waarom Ben se ouma hom as “Martin” groet.

6.3. Met watter plan kom Ben vorendag om sy ouma bedags besig te hou?

6.4. Watter beroep beklee Omar se pa?

6.5. Waarom het Ben amper aan die mieliepap wat hy geëet het, verstik?

6.6. Wat is Ben se ouma se naam?

6.7. Dink jy dit is goed dat meisies toegelaat word om ook tipiese seunsporte soos krieket by die skool te speel? Gee ’n rede vir jou antwoord.

6.8. Waarmee word die woord “**googlies**” (**bl. 51**) geassosieer?

6.9. Wat is ’n ander benaming vir “**mieliepap**” (**bl. 51**)?

6.10. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Ant Em woon by Ben se oupa en ouma om na sy ouma om te sien terwyl sy oupa bedags op die plaas werk.**

## HOOFSTUK 7

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Waarom, dink jy, is Ben bekommerd dat sy stem weer sal breek wanneer hy met Nina praat?

7.2. Watter geheim word ontbloot tydens Ben se telefoongesprek met Nina?

7.3. Wie is “Bennieboet” (**bl. 54**)?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

7.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Nina se pa is ’n hartspesialis.**

7.5. Watter mediese toestand het Henry?

7.6. Noem **drie** redes waarom Ben emosioneel voel nadat sy ouma een van die hanslammers na hom vernoem het.

7.7. Wat beteken dit wanneer iemand na ’n persoon verwys as ’n “stadsjapie”? Verduidelik.

7.8. Waarom stel Ouma ’n heildronk in op Martin en Marcelle? Verduidelik.

7.9. Op watter geleenthede sing mense gewoonlik die lied “Lank sal hulle lewe”?

7.10. Wat is die verskil tussen ’n skaap en ’n hanslam?

**HOOFSTUK 8**

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Op watter datum het die inperking begin?

8.2. Watter plan het Ben se skool beraam om tydens die inperking met klasse te kan voortgaan?

8.3. Watter versoek rig tannie Clare tot Ben?

8.4. Waarom is dit volgens haar belangrik om die middel in (**8.3.**) in die hande te kry?

8.5. Watter metode gebruik tannie Clare om Ben te dwing om die skaapmedisyne per koerier te stuur?

8.6. Waarom, dink jy, wil tannie Clare nie hê dat Ben se ma of haar dogter, Nina, hiervan uitvind nie? Verduidelik.

8.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Ivermektien is medikasie wat mense kan gebruik om hulself teen die koronavirus te beskerm.**

8.8. Verduidelik waarom Ben vir Alvin jammer voel.

8.9. Sal tannie Clare se man bereid wees om Ivermektien te drink? Gee ’n rede vir jou antwoord.

8.10. Hoe verskil die lewe op die plaas met die in die stad tydens die inperking?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**HOOFSTUK 9**

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Waaroor voel Ben skuldig?

9.2. Wat sou jy gedoen het indien jy Ben was? Sou jy tannie Clare gehelp het? Gee ’n rede vir jou antwoord.

9.3. Waarom is die woord “verkoue” (**bl. 68**) skielik ’n “vloekwoord”?

9.4. Waaruit kan die leser aflei dat Wensfontein in die Wes-Kaap geleë is?

9.5. Waarvoor moet Ben soek wanneer hy grensdraadpatrollie doen?


9.6. Dink jy dit is verantwoordelik vir Ben se oupa om hom toe te laat om met die bakkie op die plaas rond te ry? Gee ’n rede vir jou antwoord.

9.7. Waarom was Ben angstig toe sy oupa die medisynekas oopmaak?

9.8. Wat doen sy oupa om te verhoed dat enige skaapmedisyne uit die kas gehaal word?

9.9. Waarom is kinders volgens Ben se oupa minder geneig om die koronavirus op te doen?

9.10. Dink jy Henry sal veilig wees teen die koronavirus? Gee ’n rede vir jou antwoord.



**Bron: Shutterstock**

**HOOFSTUK 10**

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Verduidelik waarom Omar vir Ben die bynaam “Hoender” gegee het.

10.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Dit is ’n kompliment indien iemand jou ’n “gomgat” noem.**

10.3. Hoeveel lammers is daar waarna Ben se ouma omsien?

10.4. Watter reël het die volwassenes tydens die inperking verbreek?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

10.5. Verduidelik waarom die gebreekte lorrie naby die skaapkraal moontlik probleme kan veroorsaak.

10.6. Wat merk Sam op wat ongewoon is nadat hulle Ben se oupa oor die lorrie ingelig het?

10.7. Kies die korrekte antwoord deur slegs die **letter** neer te skryf.
**Oom Nols Baadjies woon op...**

A: Wensfontein
B: Vlakpan
C: Verlangekraal
D: Waaikraal

10.8. Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**?

10.8.1. **Witblits is ’n produk waarmee braaivleisvure aangesteek word.**
10.8.2. **Oom Lieb verkoop trekkerparte aan die plaaslike boere.**
10.8.3. **Henry is Omar se jonger broer.**

**HOOFSTUK 11**

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Waarom is Sam bekommerd toe sy vir Ben op sy selfoon bel?

11.2. Verduidelik wat ’n “windbuks” is. (**Gebruik ’n woordeboek indien jy nie weet wat die antwoord is nie.**)

Tafelberg

11.3. Dink jy dit is veilig om ’n jong seun of meisie met ’n windbuks te bewapen? Gee ’n rede vir jou antwoord.

11.4. Waarom is Ben bekommerd toe hy die bakkies naby die vragmotor sien staan?

11.5. Sou jy gestop en uitgeklim het indien jy Ben was? Gee ’n rede vir jou antwoord.

11.6. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Ben ontdek ’n hele klomp gesteelde skape binne-in die vragmotor.**

11.7. Watter verduideliking gee Ben se oupa vir die mans se gedrag?

11.8. Waaroor is Ben baie skaam wat hom hoendervel laat uitslaan?

11.9. Waarin het Ben die skaapmedisyne weggesteek?

11.10. Verduidelik wat dit beteken wanneer jy “oop kaarte” met iemand speel.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## HOOFSTUK 12

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Waarom het Ben sy onderwysers gevra of Omar sy aanlynklasse mag bywoon?

12.2. Wat beteken die gesegde "almal wil 'n eiertjie lê" (**bl. 92**)?

12.3. Waarom het Alvin 'n pleister op sy voorkop?

12.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Sam sukkel om algebra te verstaan.**

12.5. Noem twee negatiewe uitwerkings wat die Covid-19-pandemie op die samelewing gehad het.

12.6. Wat kan jy aflei omtrent meneer Horsthaar wanneer die verteller opmerk dat meneer se "stem dik [is]" (**bl. 94**)?

12.7. Verduidelik waarom Ben in sy noppies is nadat Sam hom gevra het om haar met haar wiskunde te help.

12.8. Dink jy Omar en Sam is verlief op mekaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.

12.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Ben is heimlik verlief op Sam.**

12.10. Is Omar 'n goeie krieketspeler? Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit die teks (**hoofstuk 12**) aan te haal.

Tafelberg

## HOOFSTUK 13

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Vir watter karakter sal 3 Mei een van sy of haar gunsteling dae wees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

13.2. Verduidelik waarom Alvin se pa deur die polisie gearresteer is.

13.3. Watter teken gee Alvin vir Ben wat hom moed gee dat sy ouers na Suid-Afrika kan terugkeer?

13.4. Wie is Pedro en Ruby?

13.5. Waarom koop Ben se oupa pynappelbier in plaas van egte bier?

13.6. Hoe het Ben geweet dat die Toyota aan sy pa behoort?

13.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Ben se pa het ten volle van die koronavirus herstel.**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

13.8. Watter nuus deel Ben dadelik met sy pa?

## HOOFSTUK 14

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Verduidelik waarom Ben se ouma heeltemal deurmekaar is nadat Ben se ouers by die plaas opgedaag het?

14.2. In watter land of streek is die doedelsak baie gewild?

14.3. Waarom is Alvin opgewonde dat hy Leila Strong se naam en nommer gekry het?

14.4. Wat is die Afrikaanse woord vir "skateboard"?

14.5. Verduidelik wat 'n "mooiweersvriend" (**bl. 106**) is.

14.6. Noem **twee** redes waarom Alvin vir Ben vies is.

14.7. Hoe sou jy gevoel het indien jy jouself in Ben se skoene bevind het?

14.8. Dink jy Alvin en Ben se vriendskap is permanent geskaad nadat Ben se oupa opgehou het om skaapmedisyne Kaap toe te stuur? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Tafelberg

## HOOFSTUK 15

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Waarom het Ben 'n streep deur die woorde "ek wens" (**bl. 108**) in sy joernaal getrek?

15.2. Dink jy Ben is gretig om terug te keer Kaapstad toe? Gee 'n rede vir jou antwoord.

15.3. Waaroor is Ben baie opgewonde?

15.4. Watter struikelblok is daar wat moontlik Omar se plan kan kelder?

15.5. Verduidelik waarom die stuk pad voor Waaikraal se skool ideaal vir die speel van padkrieket is.

15.6. Dink jy dit is 'n wyse voorstel wat Omar tydens die pandemie maak? Gee 'n rede vir jou antwoord.

15.7. Hoekom kom Sam skreeuend by die stoor ingehardloop?

15.8. Waarom sal Ben se oupa volgens Omar 'n regverdige skeidsregter wees?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

15.9. Dink jy Ben voel nog dieselfde oor Nina as voor die inperking begin het? Motiveer jou antwoord.

**HOOFSTUK 16**

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Wie is Horstie?

16.2. Waarom is Ben verbaas toe Alvin hom daardie oggend bel?

16.3. Gee **een** rede waarom ivermektien (skaapmedisyne) gevaarlik is vir menslike gebruik.

16.4. Watter geheim deel Alvin met Ben?

16.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Slegs mense wat mal is, kan ’n sielkundige se dienste gebruik.**

16.6. Waarom, dink jy, het baie mense wêreldwyd tydens die pandemie aan geestessiektes soos depressie of angstigheid gely? Gee ’n rede vir jou antwoord.

16.7. Wat beteken dit as iemand jou as “Sherlock” (**bl. 115**) aanspreek?

16.8. Hoe is dit moontlik dat Alvin tydens die inperking by Ben op sy oupa se plaas kan gaan kuier

Tafelberg

16.9. Verduidelik waarom dit volgens Sam ironies is dat Alvin op Wensfontein kom kuier?

16.10. Hoe sluit Ben se bynaam (“Hoender”) by die wensbeen aan?

**HOOFSTUK 17**

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Verduidelik waarom Ben nie meer vir Buzz hoef weg te steek wanneer Alvin kom kuier nie?

17.2. Wat beteken dit as ’n persoon vol “fiemies” is?

17.3. Noem **drie** veranderinge wat Ben in sy pa se fisieke voorkoms raaksien.

17.4.1. Waar werk Ben se pa?
17.4.2. Waaruit kan die leser die antwoord (**17.4.1.**) aflei?

17.5. Verduidelik waarom dit goed is wanneer Ben se pa opmerk dat hy sedert eergister weer kan ruik en proe.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

17.6. Waarom is die klipstapel wat Ben se pa vir hom wys, belangrik?

17.7. Wat het Ben se pa onder die klippe begrawe?

17.8. Indien jy 'n tydkapsule iewers sou begrawe, watter vyf items sal jy daarin plaas? Gee 'n rede vir jou antwoord.

17.9. Tot watter besef kom Ben omtrent Omar wanneer sy pa met hom oor Sam gesels?

17.10. Wat weet Ben se pa omtrent Ben se gevoelens oor Sam?

**HOOFSTUK 18**

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Waarom, dink jy, is dit beter dat die padkrieketwedstryd op Saterdag, die 13de Junie in plaas van Vrydag, die 13de gespeel word? Verduidelik.

18.2. Watter byname het Ben en Alvin vir onderskeidelik Sam en Omar gegee?

18.3. Waarom, dink jy, sê Antie Em vir Ben dat hy Wensfontein se naam moet hooghou? Verduidelik.

18.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Ant Em is vir Ben 'n tipe ma-figuur wat hom van wyse raad voorsien.**

18.5. As jy Ben was, sou jy wens dat Wensfontein die padkrieketwedstryd wen of eerder hard daarvoor werk om die wedstryd te wen? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**HOOFSTUK 19**

**Kontekstuele vrae:**

19.1. Watter groot gebeurtenis vind op Saterdag, 13 Junie plaas?

19.2. Wat beteken dit indien twee of meer persone "taktiek" bespreek? Verduidelik.

19.3. Verduidelik die plan wat Ben-hulle gemaak het om te verseker dat die polisie hulle nie tydens die inperking by die pad voor die skool betrap nie.

19.4. Wat beteken dit indien die krieketbal die kolwer onder sy of haar knie tref?

19.5. Watter belangrike lewensles leer Ben by oom Layton?

19.6. Verduidelik waarom Ben sy boulbeurt verbeur sodat Alvin kan aanhou boul?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

19.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
**Wensfontein het die padkrieketwedstryd ver gewen.**

19.8.1. Hoe het almal geweet dat oom Piet op pad is?
19.8.2. Waarom is dit belangrik dat almal verdaag voor oom Piet hulle sien?

19.9. Dink jy dit is eties regverdig dat oom Piet sy plig as polisieman tydens ’n pandemie versuim bloot omdat hy die gemeenskap ken? Gee ’n rede vir jou antwoord.

19.10. Watter bynaam het Waaikraal se kinders vir Alvin gegee?

**HOOFSTUK 20**

**Kontekstuele vrae:**

20.1. Hoeveel maande het verloop sedert Ben op Wensfontein gearriveer het?

20.2.1. Wat gaan Ben met Buzz doen?
20.2.2. Hoe lank gaan Ben en Buzz van mekaar geskei wees?

20.3. Wie ontmoet Ben onverwags by die klipstapel?

20.4. Dink jy Sam voel sleg dat haar bal Ben se ribbekas beseer het? Motiveer jou antwoord.

20.5. Stel ’n volledige lys saam van al die items wat Ben in sy trommel gesit het.

20.6. Wat simboliseer die krieketbal wat Sam vir Ben gee om in die trommel te plaas?

20.7. Wat gaan op 14 Junie 2030 by die fontein op Wensfontein gebeur?

20.8. Het jy die verhaal geniet? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## MEMORANDUM: KONTEKSTUELE VRAE

**Hierdie memorandum is voorgestelde antwoorde. Sommige antwoorde mag moontlik verskil weens opinie of ’n alternatiewe interpretasie van die teks of hoofstuk.**

### HOOFSTUK 1

1.1. Die woord “dokter” verwys na ’n mediese praktisyn terwyl “doktor” na ’n persoon verwys wat ’n doktorsgraad in ’n spesifieke vakgebied aan ’n universiteit voltooi het.

1.2. **derdepersoonsverteller** (Die dagboekinskrywings [joernaalinskrywings] is uit die aard van die tipe teks in die eerstepersoonsperspektief geskryf.)

1.3. Die joernaalinskrywings is persoonlik van aard en vanuit die skrywer se perspektief geskryf.

1.4. ONWAAR

1.5. “Hemel op Tafelberg”

1.6. **Leerder se eie antwoord**.

1.7. Alvin is die A-span (krieket) se beste bouler. Hy besef onmiddellik dat Alvin vir ’n tydperk nie wedstryde sal kan speel nie.

1.8. Alvin het sy suster se dagboek geneem en daarmee weggehardloop. Hy het plakkies gedra en sy suster, Bella, het hom platgeduik. Die val het sy arm gebreek.

1.9. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

1.10. Ben het daardie oggend ’n aantal wense gemaak en al vier wense is bewaarheid. Daarom vermoed hy dat hy oor een of ander superkrag beskik.

### HOOFSTUK 2

2.1. Elke hoofstuk begin met Ben se joernaalinskrywing. Elke inskrywing bevat ’n datum. Die leser kan dus die verloop van tyd hiervolgens bereken.

2.2. As mediese dokter is sy bewus hoe ernstig die koronavirus is en dat dit deur middel van kontak met mense versprei. Dit is dus gevaarliker in ’n geïsoleerde ruimte waar baie mense saamdrom. ’n Persoon kan maklik die virus so opdoen.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

2.3. Hy het gewens dat hy die A-span sal haal.
Alvin het sy arm gebreek wat vir hom ’n posisie in die A-span besorg het.
Alvin het ordentlik teenoor Vanessa opgetree soos hy gewens het.
Ben het geleer hoe om ’n krieketbal te spin. Hy het gewens dat hy so goed kan spin soos Alvin.

2.4. ’n **Epidemie** verwys na ’n besmetlike siekte wat vinnig oor ’n groot gebied uitbrei en na ’n sekere periode (tyd) weer verdwyn. ’n **Pandemie** is ’n siekte wat baie gou oor die hele land of ’n groter gebied (soos die hele wêreld) versprei.

2.5. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

2.6. Hy is in **Singapoer**.

2.7. Die Swart Pes (of Swart Dood) was ’n pandemie wat tussen 1348-1350 amper twee derdes van Europa se bevolking uitgewis het.

2.8. Hy speel krieket vir die onderdertien A-span.

2.9. **ONWAAR**

2.10. Hy het twee krieketwedstryde gespeel en beide gewen.
Hy was Man of the Match vir ’n driekuns wat hy behaal het.

## HOOFSTUK 3

3.1. Hy gaan ’n lesing in Switserland aanbied.

3.2. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

3.3. **WAAR**

3.4. Hy het gewens hy kan net wegkom van sy ma, huis en die omstandighede waarin hy homself bevind.

3.5. Hy moet gorrel. Hy moet sy hande met Sanimed was. Hy moet vitamienpille drink.

3.6. Italië

3.7. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.

3.8. Sy joernaal word met Sanimed gespuit. Die alkohol in die spuitmiddel verbleik die kleur van die prent wat voorop verskyn.

3.9. Vrydag

3.10. Miss Simms bied Engels (English) aan.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## HOOFSTUK 4

4.1. Sy oupa haat die Kaapse verkeer.

4.2. Ben word ingelig dat sy ma Switserland toe gevlieg het om sy pa by te staan. Ben gaan vir ’n tydperk op Wensfontein (plaas) by sy oupa en ouma gaan woon.

4.3. Dit verwys na ’n tydperk waartydens ’n mens, dier of plant afgesonder word om te verhoed dat ’n aansteeklike siekte versprei.

4.4. Hy verwys na Ben se ma, Marcelle.

4.5. Ben moet saam met sy oupa Wensfontein toe gaan, sy masker dra, vitamienpille drink, sy hande gereeld was en elke aand gorrel.

4.6. Ben glo hy het een of ander superkrag aangesien al sy wense bewaarheid word. Gevolglik is die plaasnaam, Wensfontein, ironies.

4.7. Martin en Marcelle is Ben se ouers.

4.8. **Leerder se eie antwoord**.

4.9. Hy boer met skape.

4.10. **ONWAAR**

## HOOFSTUK 5

Tafelberg

5.1. Dit is die naam wat hy vir die boek waarin hy daagliks skryf, gegee het. (Buzz verwys na die karakter, Buzz Lightyear, in die film, *Toy Story*.)

5.2. Dit is die karakter, Buzz Lightyear, se naam.

5.3. Hulle word met **ivermiektien** vir die parasiete ingespuit.

5.4. Ben se ouma het Alzheimers. Sy weet nie altyd wie hy is nie en dink soms dat hy haar seun (Ben se pa) is.

5.5. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.

5.6. Tess is ’n skaaphond wat baie effektief gebruik kan word om skape bymekaar te jaag hetsy na die kraal of weiveld toe.

5.7. Layton is die plaasbestuurder.

5.8. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.

5.9. ’n Kadot is ’n kleinerige hoed.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

5.10. Omar is daar gebore en woon sy hele lewe lank daar. Sy pa besit die winkel op Waaikraal. Gevolglik praat hy vlot Afrikaans.

**HOOFSTUK 6**

6.1. Durban

6.2. Sy ouma het Alzheimers en dink dat Ben haar seun (Ben se pa), Martin, is.

6.3. Sy kan na die hanslammers omsien deur hulle bottel te gee.

6.4. Hy besit die winkel op Waaikraal. Hy is dus ’n winkelier of ’n besigheidsman.

6.5. Sy ouma het sy naam onthou.

6.6. Mart (Martie)

6.7. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

6.8. Krieket

6.9. Krummelpap

6.10. **WAAR**

**HOOFSTUK 7**

7.1. **Leerder se eie antwoord**. (Hy is selfbewus omdat hy puberteit bereik het.)

7.2. Ben se pa is in die intensiewe sorgeenheid in ’n Switserse hospitaal aangesien hy met die koronavirus besmet is.

7.3. Ben. (Benjamin) Dit is sy ma se bynaam of noemnaam vir hom.

7.4. **ONWAAR**

7.5. Hy het asma.

7.6. Ben voel emosioneel omdat sy pa siek is, sy ouma sy naam onthou het en dat sy oupa na hom geluister het.

7.7. Die woord verwys na iemand wat in die stad woon en nie gewoond is aan die plaaslewe nie.

7.8. Sy het vergeet waar sy is (weens Alzheimers) en gedink sy is op haar seun se troue.

7.9. Die lied word gewoonlik by troues of op verjaarsdae gesing.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

7.10. ’n Skaap verwys na die volwasse dier terwyl ’n hanslam na ’n lammertjie verwys wat sonder die ma se melk grootgemaak is. Die lammertjie word dus met ’n bottel melk gevoer en drink nie aan sy of haar ma se spene nie.

**HOOFSTUK 8**

8.1. Die inperking het op 27 Maart 2020 begin.

8.2. Alle klasse gaan aanlyn onderrig word.

8.3. Tannie Clare het vir Ben gevra om vir haar van sy oupa se ivermektien (skaapmedisyne) te stuur.

8.4. Sommige mense was oortuig dat ivermektien die mens teen die koronavirus kan beskerm.

8.5. Tannie Clare speel op Ben se gevoelens aangesien Alvin sy beste vriend is. (Sy verwys spesifiek na Alvin se ouma en oupa.)

8.6. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet ook ’n verduideliking vir sy of haar antwoord verskaf.

8.7. **ONWAAR**

8.8. Ben voel jammer vir Alvin omdat hy in ’n huis vol “histeriese vroumense” sit.

8.9. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

Tafelberg

8.10. Die mense in die stad is in klein spasies soos huise en erwe geïsoleer terwyl die Karoo groot, oop spasies het en mense nie soveel in mekaar se spasie verkeer nie.

**HOOFSTUK 9**

9.1. Ben voel skuldig dat hy sonder sy oupa se toestemming ’n bottel skaapmedisyne (ivermektien) uit die kas in sy skaapkraal gevat het.

9.2. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet ook ’n verduideliking vir sy of haar antwoord verskaf.

9.3. Mense word agterdogtig en is angsbevange dat jy dalk met die koronavirus besmet is.

9.4. Ben se oupa gaan **Worcester** toe ry om Henry se medisyne te gaan haal.

9.5. Ben moet veral soek vir nuwe gate wat jakkalse gegrawe het, erdvarkgate en vir drade wat geknip is. Hy moet ook op die uitkyk wees vir enige vreemde voertuie.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

9.6. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

9.7. Hy was bang dat sy oupa sou agterkom dat ’n bottel skaapmedisyne nie meer in die kas is nie.

9.8. Sy oupa het ’n nuwe slot aangesit.

9.9. Kinders is jonk en sterk en het goeie weerstand teen virusse.

9.10. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

**HOOFSTUK 10**

10.1. Ben se kuif is gejel soos ’n haan se kam. Daarom noem hy hom “Hoender”.

10.2. **ONWAAR**

10.3. Daar is ses hanslammers waarna sy ouma omsien.

10.4. Hulle smokkel met drank onder mekaar en maak hulle eie alkoholiese konkoksies soos tannie Steyn se pynappelbier.

10.5. Ben se oupa het hom gevra om uit te kyk vir enige vreemde voertuie. Hierdie lorrie (vragmotor) kan moontlik daar geparkeer staan om in die nag skape te steel.

Tafelberg

10.6. Haar pa het nie sy geweer met hom saamgeneem nie.

10.7. **C** (Verlangekraal)

10.8.1. **ONWAAR**
10.8.2. **ONWAAR**
10.8.3. **ONWAAR**

**HOOFSTUK 11**

11.1. Henry het dringend sy medisyne vir die stomer nodig. Ben se oupa het nog nie die medisyne gebring nie.

11.2. ’n Windbuks is ’n geweer wat lugdruk gebruik om ’n klein, ronde koeëltjie te skiet.

11.3. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

11.4. Ben is bekommerd dat iets met sy oupa kon gebeur het indien dit skaapdiewe se vragmotor is. Sy oupa het nie sy geweer by hom gehad nie. (**Enige soortgelyke verduideliking is aanvaarbaar**.)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

11.5. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

11.6. **ONWAAR**

11.7. Sy oupa het verduidelik dat mense eensaam raak weens die inperking.

11.8. Sy oupa het uitgevind dat Ben sonder sy toestemming ivermektien (skaapmedisyne) vir tannie Clare wou stuur.

11.9. Ben het die skaapmedisyne in een van sy ouma se resepteboeke weggesteek.

11.10. Die gesegde beteken dat jy die volle waarheid vir iemand vertel.

## HOOFSTUK 12

12.1. Sam en Omar se skool is gesluit. Die leerders het nie toegang tot rekenaars om aanlyn met klasse voort te gaan nie.

12.2. Elke persoon wil sy of haar eie mening lug of opinie uitspreek oor ’n saak.

12.3. Een van Alvin se susters het hom met ’n koffiebeker beseer (geslaan/gegooi/aangerand).

12.4. **ONWAAR**

12.5. Baie mense het siek geword en gesterf. Talle mense het hulle werk verloor.

Tafelberg

12.6. Hy het emosioneel geraak.

12.7. Sam is nie die tipe persoon wat vir iemand om hulp sal vra nie. Daarom voel hy geeërd dat sy hom gevra het vir hulp.

12.8. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

12.9. **WAAR**

12.10. **JA**. “Die eerste is dat Omar vir Alvin soos ’n beginner laat lyk.” (**bl. 94**)

## HOOFSTUK 13

13.1. Alvin. Dit is sy verjaarsdag.

13.2. Hy het tydens die inperking uitgeglip en met sy bergfiets gaan ry.

13.3. Alvin het ’n vliegtuig gesien vlieg. (In die Kaap.)

13.4. Hulle is perde. Pedro is Sam se perd en Ruby behoort aan Ben se oupa.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

13.5. Geen alkohol mag tydens die inperking verkoop word nie.

13.6. Hy het sy pa se registrasienommer herken.

13.7. **ONWAAR**

13.8. Ben sê vir sy pa dat hy ’n googlie kan boul.

**HOOFSTUK 14**

14.1. Daar is skielik baie mense wat saam met hulle in die plaashuis woon. Dit maak haar deurmekaar weens haar Alzheimers. (Leerders kan ook noem sy voel angstig of oorweldig.)

14.2. **Skotland** (Verenigde Koninkryk)

14.3. Alvin en Ben vind Leila Strong aantreklik. (**Enige soortgelyke antwoord**.)

14.4. skaatsplank

14.5. ’n Mooiweersvriend is iemand wat jou vriendskap misbruik wanneer hy of sy iets by jou wil hê of kan kry. Die tipe vriend is dus nie ’n ware of opregte vriend nie.

14.6. Alvin is vies vir Ben omdat omdat Ben hom nie gesê het dat sy ouers terug in Suid-Afrika is nie. Ben het ook opgehou om skaapmedisyne vir Alvin se ma (tannie Clare) te stuur.

14.7. **Leerder se eie mening**.

Tafelberg

14.8. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

**HOOFSTUK 15**

15.1. Ben dink steeds dat sy wense bewaarheid kan word. Gevolglik besluit hy om dit dood te trek.

15.2. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

15.3. Ben is baie opgewonde oor die padkrieketwedstryd wat hulle (Omar) beplan.

15.4. Die inperking is steeds op vlak 4 en mense mag nie in groot getalle saam vergader nie. (Soos by ’n krieketwedstryd nie.)

15.5. Die pad is so plat soos ’n pannekoek en oor naweke ry daar min motors. Die skape wat daar wei het ook al die bossies kort gevreet.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

15.6. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

15.7. Sam is baie opgewonde omdat sy uiteindelik priemgetalle verstaan.

15.8. Al die deelnemers soos Omar en Sam is vir hom soos sy eie kinders. Daarom sal hy nie Wensfontein voortrek tydens die wedstryd nie.

15.9. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

**HOOFSTUK 16**

16.1. Horstie is een van die hanslammers. (Die naam is afkomstig van meneer Horsthaar of meneer “Borshaar” soos daar grappenderwys na hom verwys word.)

16.2. Alvin het vir tien dae nie met hom gekommunikeer nie.

16.3. Die medisyne kan ’n mens se lewer negatief affekteer of beskadig.

16.4. Alvin sien ’n sielkundige en hy skryf ook nou daagliks in ’n joernaal.

16.5. **ONWAAR**

16.6. **Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.

Tafelberg

16.7. Jy word vergelyk met die fiktiewe speurder (karakter), Sherlock Holmes.

16.8. Alvin se ma is ’n prokureur en sy het die nodige permit bekom sodat Alvin plaas toe kan reis.

16.9. Sam dink dit is ironies aangesien Ben die “wens in Wensfontein” is. Sy sinspeel daarop dat hy moontlik gewens het dat Alvin op die plaas kom kuier.

16.10. ’n Hoender se karkas het ’n wensbeentjie wat mense gebruik om ’n wens te maak en dit dan middeldeur te breek.

**HOOFSTUK 17**

17.1. Alvin het ook ’n joernaal waarin hy skryf.

17.2. Die persoon is vol nonsens. Die persoon is kieskeurig en met min tevrede.

17.3. Sy pa se bene is nie meer stokkies nie. Sy baard is geskeer en sy hare is kort.

17.4.1. Hy is ’n dosent by ’n universiteit.
17.4.2. “Die universiteit is nog toe. Ons begin eers met aanlyn klasse in Augustus.”



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

17.5. Een van die simptome van die koronavirus is dat mense se sintuie (reuk en smaak) deur die virus aangetas is.

17.6. Die oorspronklike fontein waarna die plaas vernoem is, is op hierdie plek geleë.

17.7. Sy pa het ’n trommel begrawe. (Tydkapsule)

17.8. **Leerder se eie antwoord**. (Moet **vyf items** noem.)

17.9. Omar is nie verlief op Sam nie. Sam beskou Omar as ’n boetie-figuur.

17.10. Hy weet dat Ben van Sam hou. (Ben is verlief op Sam.)

**HOOFSTUK 18**

18.1. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf. (Vrydag die dertiende word deur bygelowiges as ’n “ongelukkige” datum beskou.)

18.2. Sam se bynaam is “Priemgetal” en Omar is “Omar the Terrible” / ”Omar die Verskriklike”.

18.3. **Leerder se eie antwoord**. Die leerder moet ook ’n verduideliking vir sy of haar antwoord verskaf.

18.4. **WAAR**

18.5. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

Tafelberg

**HOOFSTUK 19**

19.1. Dit is die dag waarop die padkrieketwedstryd gespeel gaan word.

19.2. Hulle bespreek die plan wat hulle gaan implementeer om ’n sekere uitkoms te bereik.

19.3. Hulle het iemand wat die uitkykwerk doen en hulle waarsku indien daar aankomende motors is deur drie kort en twee langes te toeter. Daarna blaas Ben se oupa op sy fluitjie en almal kruip weg.

19.4. Die speler is uitgeknikker of uitgeboul.

19.5. Ben leer dat ’n klein daad soms vir iemand soos Henry meer beteken as wat dit vir hom beteken om teleurgesteld te voel omdat Henry hom uitgevang het. (**Henry gaan nie noodwendig weer so ’n ervaring hê nie**.)

19.6. Alvin wil baie graag vir Sam uitboul.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

19.7. **ONWAAR**

19.8.1. Oom Layton het hulle kom waarsku.
19.8.2. Oom Piet is ’n polisieman en kan hulle arresteer aangesien hulle nie veronderstel is om tydens die inperking in groot groepe te vergader nie.

19.9. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

19.10. Eend

**HOOFSTUK 20**

20.1. Dit is nou (Junie) Ben se vierde maand op Wensfontein. Hy was vanaf Maartmaand op die plaas. Sy oupa het hom die 28ste Februarie in Kaapstad gaan haal.

20.2.1. Ben gaan Buzz (sy joernaal) in ’n trommel plaas en onder die kliphoop by die fontein begrawe.
20.2.2. 10 jaar (’n dekade)

20.3. Sam

20.4. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)

20.5. Hy het ’n ou tietiebottel, die merker van die lam wat dood is, ’n leë bottel van sy ouma se parfuum, ’n boksie skaapmedisyne en sy joernaal (Buzz) ingepak.

20.6. Die bal simboliseer al die ervarings tydens sy verblyf op Wensfontein. (**bl. 140**)

20.7. Ben en Sam het ooreengekom om op daardie datum by die fontein te ontmoet en die tydkapsule saam oop te maak.

20.8. **Ja of Nee** (**Leerder se eie mening**. Die leerder moet ook ’n rede vir sy of haar antwoord verskaf.)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## WOORDESKATLYS (Sien HAT of TWEETALIGE WOORDEBOEK)

| WOORD | BLADSY | VERTALING (ENGELS) [VIR EAT-LEERDERS] | BETEKENIS [Vul die betekenis hier in.] |
|---|---|---|---|
| virus | 7 | | |
| bolla | 9 | | |
| dirigeer | 9 | | |
| snipperig | 12 | | |
| lesing | 29 | | |
| kwarantyn | 31 | | |
| parasiete | 39 | | |
| Alzheimers | 40 | | |
| kadot | 45 | | |
| skedonk | 75 | | |
| klong | 88 | | |
| tintel | 98 | | |
| skeidsregter | 111 | | |
| sielkundige | 114 | | |
| snoepgoed | 127 | | |
| knoeiery | 130 | | |
| saluut | 136 | | |
| eerbiedig | 140 | | |
| trommel | 140 | | |
| wensbeentjie | 142 | | |
| regulasies | 142 | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **Klasbespreking**: Hou 'n klasbespreking waartydens almal hulle herinneringe van die Covid-19-pandemie met mekaar deel. Watter positiewe asook negatiewe uitwerking het die pandemie op jou en jou gesin se lewe gehad?

2. **Navorsingstaak**: Die pandemie het wêreldwyd chaos veroorsaak. Doen navorsing oor die Swart Pes (Swart Dood) wat in die veertiende eeu die dood van amper tweederdes van Europa se bevolking veroorsaak het. Fokus veral op moontlike ooreenkomste en verskille tussen die twee pandemies. Maak 'n plakkaat waarop die belangrikste inligting aangedui word. Bied die plakkaat aan as deel van 'n mondelinge assessering (LU1). **Hierdie taak kan ook as die literêre navorsingstaak gebruik word**.

3. Verbeel jouself jy is Ben. Vandag was jou eerste dag terug in die Kaap na jou verblyf op Wensfontein. Skryf 'n **joernaalinskrywing** (dagboekinskrywing) waarin jy jou gevoelens en ervarings bespreek. (**Die onderwyser moet die aantal woorde aandui gebaseer op die spesifieke graad en vlak soos per die KABV**.)

4. **Kreatiewe aktiwiteit**: Ontwerp 'n nuwe voorblad vir die jeugroman.

5. **Plakkaat**: Ontwerp 'n plakkaat (A2-grootte) waarop jy visuele uitbeeldings van al die karakters (karaktereienskappe) aanbring. Gebruik sleutelwoorde om elke karakter se karaktereienskappe langs die skets / prent aan te dui.

**VOORBEELD**:

*BEN BREEK WEG*

**KARAKTERSKETSE**

| | |
|---|---|
| **PRENT OF SKETS** | • **Ben du Toit**<br>- Hoofkarakter<br>- Graad sewe<br>- Byname: "Hoender" en "Bennieboet" |

6. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die jeugroman met die leerders te kom gesels. (Die gesprek kan ook 'n videogesprek wees.)

7. Gebruik die woordeskatlys vir 'n **taaloefening** (LU4). Leerders moet tien woorde kies en 'n sin formuleer waarin die woord se betekenis aangedui word.

8. **Ontwerp 'n bordspeletjie** waarmee leerders mekaar se kennis oor die inhoud van die jeugroman kan toets.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking

**dramatiese ironie –** ’n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om ’n opinie te vorm, ’n oordeel te vel oor ’n teks

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** ’n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, jeugroman, volksverhale (folklore)

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of ’n aksie

Tafelberg

**herlees –** ’n leesstrategie wat die leser nog ’n kans gee om ’n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** ’n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van ’n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal –** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal “waarin ’n mens dink”

**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in ’n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat ’n mens kon verwag het



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of op ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n jeugroman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv*. Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwaai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

Tafelberg

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.

## BRONNELYS


Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Neser, C. 2024. *Ben breek weg*. Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Smuts, J.P. 1975. *Karakterisering in die Afrikaanse roman*. Pretoria: HAUM.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.


Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2025. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van Jonathan Ball-Uitgewers.